

KOERSVAS


Jaargang 3 Uitgawe 56 13 Februarie 2015

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte

Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Ds Jaap Steenkamp skryf die volgende:

Die geloofsvrugte van die selfstandige gemeentes in Duitsland

Ter wille van die agtergrond: Die veranderings wat ons na 1994 in Suid-Afrika beleef byvoorbeeld die afskaffing van godsdienst in die publiek, die intrede van menseregte ensovoorts, het alreeds in 1968 in Duitsland en ander dele van Europa baie sterk na vore getree. Die "teologiese" besluite wat ons Afrikaanse kerke na 1994 geneem het, het die Duitse kerke ook al in daardie jare (1968 en later) geneem. Na aanleiding van daardie besluite het "Freikirchen" (selfstandige gemeentes) ook in die Duitse wêreld al meer begin ontstaan.

Liewe Leser,

Dit is tussen twee en drie jaar vandat die eerste Bondsgemeentes hulself selfstandig verklaar het. Ons twyfel dalk nie oor die koers wat ons gehou het nie, maar twyfel dalk soms oor die noodsaaklikheid daarvan. Hierdie stuk is glad nie geskryf om u met hoge akademiese kwessies oor Bybelse argumente of wetsgeleerde terme en hofsake te belas nie. Inteendeel, op die spoor van die postmoderne (!!!) gaan dit hier oor belewenis.

Tussen 2000 en 2002 het ek as student te Münster in Duitsland in die Hamannstift-koshuis gewoon. Dit was 'n protestantse kerklike koshuis wat hoofsaaklik teologiese studente moes huisves, maar uiteraard was daarveral "gewone" studente. Enkele herinnerings uit die pragtige tyd in die Hamannstift moet ek met u deel.

Omdat die sake wat ons nou in Suid-Afrika beleef al ou nuus is in Europa, het ek in die Hamannstift 'n voorsmakie gekry van die dinge wat vir ons voorlê. En die antwoord is eenvoudig: die **staatskerk** in die Duitse wêreld het 'n byna **leweloze orgaan** geword wat slegs funksies verrig, maar waar die krag van die geloof nie meer so sterk na vore kom nie. Die geloof in die Here Jesus Christus as ons Verlosser en Saligmaker, asook die geloofsgehoorsaamheid, word in Duitsland oor die algemeen in die *Freikirchen* (vrye kerke) geleer, geleef en onderhou.

Die bekende voorbeeld wat ek al teenoor vriende en op vergaderings aangehaal het, was die van 'n jong lidmaat van die protestantse staatskerk wat my gevra het: "Waar kan ek 'n Bybel koop? Ek het een nodig vir 'n skooltaak!" 'n Mens moet deeglik besef wat die vraag beteken: nadat die betrokke persoon so af en toe in die

kinderkerk was, en ten minste weet en iets verstaan van aanneming en katkisasie, het hy nie geweet waar 'n mens 'n Bybel kan kry nie. Hulle het trouens nie eens 'n Bybel in die huis gehad nie.

Daarteenoor was my medebewoners in die koshuis wat die Christelike lewensideaal uitgeleef en verkondig het, die kinders uit die *Freikirchen*. Hulle was nugter tydens partytjies, het kuis geleef, het in kleingroepies gereeld Bybelstudie gehou en oor die algemeen opgestaan vir die waarheid van die Bybel en die waardes van die Christelike geloof. Hulle is ook deur die res van die samelewing geëтикetteer as "Bybelgetroues", "vromes" en "verkramptes". Die *Freikirchen* is oor die algemeen kleinerige gemeentes met 20-80 lidmate waar ouderlinge gereeld moet preek weens 'n gebrek aan predikante. Daar kan egter –binne hulle samelewing – nie veel gekla of uitgewys word aan hulle toewyding en geloofsvertroue nie.

Dit behoort vir ons 'n antwoord en 'n waarskuwing te gee vir ons huidige situasie. Die troosvolle antwoord is dat Christus self sy kerk in stand hou. Hy sorg dat dit voortgaan. Die waarskuwing is dat ons moet weet en aanvaar dat die voorkoms van die kerk kan verander. Kleiner, hegter gemeentes wat baie nader aan mekaar leef kan ons voorland wees. Ons antwoord op die situasie behoort aan te sluit by die vreeslose geloofsantwoord in Josua 24:14-15 "Vrees dan nou die HERE en dien Hom in oregtheid en waarheid, en verwyder die gode wat julle vaders gedien het oorkant die Eufraat en in Egipte, en dien die HERE. Maar as dit verkeerd is in julle oë om die HERE te dien, kies dan vir julle vandag wie julle wil dien: of die gode wat julle vaders daar oorkant die Eufraat

gedien het, of die gode van die Amoriete in wie se land julle woon; maar ek en my huis, ons sal die HERE dien."

Toe ons as gemeentes selfstandig geword het, het ons besluit om met kinderlike Godsafhanklike geloof in te staan en op te staan vir die eenvoudige waarhede van die Skrif. Ons het 'n tree gegee omdat ons by die waarheid van die Skrif wil bly soos wat ons dit aan moedersknie geleer het. Die pad vorentoe sal nie maklik wees nie omdat die Satan ons nooit met rus sal laat nie, maar ons stap die pad in vertroue dat ook al hierdie dinge binne die beskikking van ons Hemelse Vader val.

BERIGTE

- Ds Wynand Rademeyer en sy gade het weer grootouers geword. Baie geluk!
- Die regspan van die NHKA het, nadat hulle hul woord gegee het dat hulle saamstem oor die kernpunte van die dispuut, nou weer eens terug gekrabbel. Hulle stem nie nou meer saam oor wat die kernpunte van die dispuut is nie, Hierdie stap van hulle beteken dat die hele regsproses terug gesit word en dat dit nog langer gaan neem. Gemeentes moet intussen ter wille van deeglikheid steeds voldoen aan die versoek soos uiteengesit in **KENNISGEWINGS**.
- Koster gemeente hou die naweek van 27-29 Maart 'n Eisbeinfees by Koster dam. Skakel met ds Alberts vir meer inligting 082 851 06391
- Premiermyn gemeente hou DV Vrydag 13 Maart 2015 'n Gemeenskaps-Paasspel. Almal is welkom. Skakel met Alta by 082 682 1252 vir kaartjies.

KENNISGEWINGS

Koersvas plaas die volgende kennisgewing weer. Lidmate en ampsdraers word versoek om so gou doenlik aandag te begin skenk aan die versoek.

• Regsproses 2015

Einde 2014 het Koersvas berig oor die regsgeding. Lesers is in kennis gestel dat die twee partye saamgestem het oor wat die kernpunte van die dispute is. Lesers is op die hart gelê dat die proses lank gaan neem. Die volgende stap in die lang en uitgerekte proses is blootlegging. Die term verwys na die beskikbaar stel van alle relevante inligting aan die teenparty. Dit is van groot belang dat ons die blootlegging met groot erns en deeglikheid sal doen. Terselfdertyd is dit nodig dat ons alle tersaaklike inligting versamel sodat ons versoek tot blootlegging van die NHKA se dokumentasie en inligting volledig en relevant sal wees. Uit die keerdatum sal u kan sien dat ons blootlegging verstaan as 'n tydrowende proses, soos ook die res van die regsgroes. Ons moet vrede daarmee maak dat die NHKA nie wil medieer of skik nie. Dit beteken dat ons die lang en duur regsgroes nougeset en geduldig sal volg. Die keerdatum vir die inhandig van elke gemeente se dokumente ter blootlegging, asook die indien van ander relevante inligting, is **1 Augustus 2015**. Dit gee almal 'n redelike tyd om in die gemeente-en ander argiewe dokumente op te diep. Ons versoek u om nou reeds te begin en die dokumentasie so gou doenlik gereed te kry. Die datum van **1 Augustus is nie die teikendatum nie, dit is die keerdatum**. Ter wille van volledige blootlegging versoek ons dat u die volgende saamstel en

- as harde kopie en
 - elektronies (geskandeer .pdf formaat) beskikbaar stel.
1. Alle korrespondensie tussen u gemeente, kerkraad, ouderlingevergadering, lidmate, leraar, ampsdraers en die Kommissie van die AKV sover dit

twis- en geskilpunte het as inhoud. Dit sluit in enige besware, aanvra van inligting of antwoord van vrae. Van groot belang is enige korrespondensie oor die eiendom, u besluite rakende u eiendom asook korrespondensie oor lidmaatskap.

2. Alle notules van die vergaderings van die gemeente, vereniging, kerkraad, ouderlinge, studiegroep of ander byeenkoms wat betrekking het op die saak.
3. Enige korrespondensie tussen enige persoon of groepering in die gemeente met die Kommissie van die AKV wat as inhoud het die besluite van die 65e- tot die 69e AKV, veral besware teen besluite.
4. Uittreksels uit AKV en ringsvergadering notules waar u teenstemme laat notuleer het teen besluite, of sake oor eiendom en lidmaatskap bespreek is.
5. Alle studiestukke wat u opgestel het vir die AKV, ringsvergadering, gemeente-vergadering of enige groepering oor die sake wat nou in die hofgeding is met spesifieke verwysing na eiendom, eiendomsreg, die Presbiteraal sinodale kerkregstelsel asook lidmaatskap. Daarmee saam enige relevante memorandum of studiestuk wat u vanuit 'n ander oord ontvang het.
6. Elke predikant en gemeente word versoek om 'n volledige kronologiese verslag op te stel van die pad en proses van u gemeente en u predikant sover dit selfstandigwording betref. Notules, uittreksels van notules met besluite wat geneem is, moet asseblief ingesluit word. 'n Volledige rekord van viktimasie en laster waarvan toepassing moet ook ingedien word.
7. Gemeentes wat kennis dra van **enige eiendomstransaksie** van die NHKA word versoek om die episode so deeglik moontlik (name en datums is van groot belang) te boekstaaf, met **stawende dokumentasie** sover moontlik. Dit sluit

in die koop en verkoop van kerklike eiendom asook die **skenk** van eiendomme aan predikante en instansies. Ons **spesifieke fokus** is daar waar waar lidmate ernstige **beswaar aangeteken** het, maar die proses **buitendien voltrek** is, asook daar waar daar **geen advies** ingewin is of die **advies nie gevolg** is nie.

Ons wil u net weer daaraan herinner, die regssproses gaan lank neem, jare lank. Na 1 Augustus gaan die regspan 'n redelike tyd neem om al die inligting te sif, orden en katalogiseer alvorens dit aan die NHKA se regspan gestuur kan word. Ons weet nie of die blootleggingproses in die NHKA gelyklopend met ons gaan plaasvind nie. Hulle moet ook alle relevante inligting beskikbaar stel. Ons kan met ander woorde redelik seker wees dat die hofsaak nie hierdie jaar sal voor kom nie. Ons vra u vir geduld en toegespitste samewerking.

• **Bybelvasvra**

Hiermee 'n hartlike uitnodiging tot deelname aan die Bybelvasvra DV 2015.

BESTEK

Josua hoofstukke 1 tot 6 en 24 uit die 1983 Afrikaanse Bybelvertaling en Sondae 9 tot 22 van die Heidelbergse Kategismus (oor die 12 Artikels)

VOORGESTELDE DATUMS

Gemeente: Elke gemeente eie vaspvra indien so verkies op datum self vasgestel

Streek: Naweek van 14 - 16 Augustus in streeksverband soos self in streeksverband georganiseer

Finaal: Sondag 30ste Augustus om 16:00 per faks of E-pos. Niemand hoef eie dorp of distrik te verlaat nie.

VERDERE REËLINGS

Reël asb self plaaslik na goeddunke. Ek sal nader aan die tyd DV kommunikeer in

verband met reëlings vir finale rondte en saamstel van vraestelle ens.

Mag almal in u gemeente wat deelneem se geloof deur die studie versterk word!

Ds LJ Strauss - Voorsitter Komitee vir Jeug en Kategese

- **Drukwerk Geloofsbond Pryse 2015**

Paul en Ella help graag met:

Kalender R8-30 elk

Verlofregister R24-75 elk

Kwitansie R16-90 elk

Offergawe R6-60 elk

Dames Kwitansie R14-45 elk

Konsistorie R22-35 elk

Belydeniskrifte Boekie R31-40 elk

ella@teamworkprinters.com

BANKBESONDERHEDE:

Naam: **GHG** (Geloofsbond van Hervormde gemeentes)

ENB Eerste Nasionale Bank van Suid-Afrika

Rekeningnommer: **6243 092 3088**

Takkode: **250 655**

Belangrike skakels om te gebruik:

Geloofsbond van Hervormde Gemeentes

Webblad (Audio-preke van Bondspredikante weekliks hier beskikbaar.)

<http://www.geloofsbond.co.za/>

Facebookblad

<https://www.facebook.com/geloofsbond>

SteedsHervormers

Webblad

<http://www.steedservormers.co.za>

Facebookblad

<https://www.facebook.com/pages/Steedservormers/118368828245168>

Plaas gerus foto's en inligting van u funksies op die Geloofsbond se blad.

Vir verpakningsmateriaal, spysenieringsbenodigdhede en skoonmaakmiddels vir funksies van kerke en skole, skakel

MW PACKAGING

by 018 381 1494.